

Preekvoorgligting Sondag 11 November 2018

Skriflesing: Mark 14: 32 - 42

Tekstverse: Mark 14: 34 - 38

Tema: Die reaksie van die Verlosser en die verlostes op die verlossing.

Jesus in Getsémané – een van die mees aangrypende gedeeltes in die Nuwe Testament. Hier word geopenbaar die intense beproewing wat ons Verlosser en Saligmaker deurgemaak het toe die skadu van die kruis in sy volle werklikheid op Hom geval het.

1. Die reaksie van die Verlosser op die verlossing.

Na die laaste Pasga en die instelling van die sakrament van die heilige nagmaal, het Jesus en sy dissipels na die tuin van Getsémané gegaan. Die Here wou hier wees sodat Hy kon bid. Gevolglik sê Hy vir agt van sy dissipels om op 'n spesifieke plek te sit terwyl hy 'n verdere drie saam met Hom die tuin invat en hulle ook op 'n plek laat agterbly. Dan die aangrypende gebeurtenis – “En toe Hy 'n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid”. Hier staan nie maar dat Christus net op die grond neergeval en gebed het nie. Hy het inderwaarheid al struikelende neergeval. Besef ons hoe intens die beproewing vir die Seun van God was dat Hy as't ware daardeur van sy voete afgedwing was? Wat bid Hy? Dat hierdie uur by Hom sou verbygaan, dat hy hierdie beker nie hoef te drink nie. Hier word die menslike natuur van Christus vir ons duidelik geopenbaar, dan nie as swakheid of 'n onwilligheid nie, maar wel in die feit dat Hy bid. Dit is eie aan die mens dat hy in sy nood tot God bid. Maar Sy goddelikheid kom ook tot openbaring en dan in die woorde: “nie wat Ek wil nie, maar wat U wil”. Hiertoë is die mens nie in staat nie, maar alleen Hy wat self God is. Die feit bly egter, hierdie verlossing waartoe Hy bestem was, was geen ligte saak nie.

2. Die reaksie van die verlostes op die verlossing

Christus sê aan drie dissipels dat hulle moet “waak” (vers 34). Die woord “waak” het sy oorsprong in die betekenis van “om uit die slaap te kom, die slaap agter te laat”. Wanneer Jesus sê dat hulle moet “waak”, beteken dit dat hulle nie moet slaap nie, dat hulle wakker moet wees. Meer nog, Hy vra dit nie, Hy beveel dit van hulle. In vers 38 voeg Hy 'n bevel by nl. “dat hulle ook moet bid”. Maar wat gebeur? I.p.v. dat die dissipels “waak”, “uit die slaap kom”, sink hulle in die slaap weg. Hulle het oorgegee aan hulle persoonlike behoeftes en daardeur die opdrag van Christus op die agtergrond geskuif. Hier kom ons ook aan die orde: Christus sê “waak en bid”, voer die geestelike oorlog, en nou die vraag: Wat maak ons met hierdie opdrag? Dit wil lyk of ons nie altyd erns het met hierdie bevel nie, dit lyk nie of ons altyd “uit die slaap kom nie”, maar dalk eerder in die slaap wegsak. Wat is hier aan die orde? Die sonde van swakheid – die dinge wat 'n mens verhinder om die opdrag van Christus “waak en bid” tot uitvoer te bring. Dinge wat die veragtering in die geloof meebring sonder dat 'n mens daarop bedag is of dit werklik bedoel. As jy weer sien het jou lewe weens swakheid 'n loop geneem wat jy glad nie bedoel het nie en ook nie wou gehad het nie. Jy het net in die geloof en die uitleef daarvan agteruit gegaan.

Die gevolg – die oproep vanoggend tot ons: Laat ons reaksie deur die werking van die Heilige Gees op die offer wat Christus wat Hom op die grond gehad het in gebed, wees dat ons met oorgawe, soos Hy die bevel gegee het, waarlik “waak en bid”.